

3 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Deuteronomium 28:1-6
Fokusgedeelte: Deuteronomium 28:58

Eerbied en ontsag vir God

Die Naam van God leef by baie mense nog net as 'n vloekwoord – 'n vergete Naam, 'n misbruikte Naam. Sou dit nie beter gewees het as God se Naam liever nooit in omloop gebring is nie? Nou het dit soos 'n verslete muntstuk geword.

Soos 'n werklike groot mens nie nodig het om grootdoenerig te wees nie, so het God, Wie se Naam bo elke ander naam is, nie nodig om, soos die mens, naam te máák en sy Naam eers te vestig nie. God wedywer nie met die groot name in die wêreldgeskiedenis nie. God se Naam, ontsaglik heilig, staan oor elke ander naam van hierdie wêreld geskrywe. Die wonderlike is: God besit 'n Naam! En nog wonderliker: God openbaar daardie Naam én in daardie Naam, Homself!

In daardie Naam sê Hy Wie Hy is, wat Hy doen. Daarom is die Naam in sekere sin God self. Die Naam is: God in aksie. By ons is dit anders. Ons naam sê niks meer van onself nie, niks van my karakter of van my werk nie. By God sê die Naam alles. Ken God se Naam, dan ken jy God. God is so naby as sy Naam self. As hierdie Naam die liefdesnaam van my lewe geword het, dan word ek 'n naamdraer van hierdie God. Ja, ek word self 'n naam van God. My lewe word: God in aksie.

Dit is wat die naam Christen beteken. Met jou doop het God sy Naam oor jou lewe geskrywe en jou Naam in sy handpalm gegraveer. Is dit sprekend van jou lewe? Het jy al by hierdie adres op jou voorhoof tuisgekom? Sorg dat jy eerbied en ontsag betoon aan die Here jou God, Hy aan Wie se Naam eer en ontsag toekom.

Sing: Psalm 145:1-3, 12

Dr PW (Pieter) Bingle (Emeritus Kaapstad)